GROOT LYDENSWEEK 2006
WOENSDAG, 12 APRIL
Ds Freddie Schoeman

Ons is besig om die pad agter Jesus aan te loop. Die doel is om nader aan Jesus te kom en ons verhouding met Hom te versterk.

Kom ons verfris net ons geheue 'n bietjie: ... (Eerste skyfie)

Matteus en Markus begin hulle vertelling van die gebeure op die Woensdag van die Groot Lydensweek op 'n onheilspellende noot. Die priesterhoofde en die skrifgeleerdes was besig om planne te maak om Jesus dood te maak:

> Twee dae later sou dit die paasfees en die fees van die ongesuurde brood wees.

As dit nou Woensdag was, dan dui die "twee dae later" op die Vrydag. Die fees van die ongesuurde brood sou dus die Vrydag begin. Die paasmaaltyd is egter reeds op die Donderdagaand geëet. Volgens die Joodse beskouing was dit reeds die Vrydag, aangesien elke dag eintlik teen sondonder begin het.

> Die priesterhoofde en die skrifgeleerdes was op soek na ’n plan om Jesus op ’n slinkse manier gevange te neem en dood te maak. [2] Hulle het gesê: “Nie op die fees nie, sodat daar nie miskien oproer onder die volk kom nie.”

Later die dag sou hulle, uit 'n heel onverwagse oord, hulp met die uitvoer van hulle planne ontvang het!

Jesus was nie die Woensdag in die tempel nie. Vir Hom was die Woensdag 'n rusdag na die vorige dag se aktiwiteite – 'n soort van 'n oase in hierdie verskriklike lydensweek.

> [3] Jesus was in Betanië in die huis van Simon die melaatse.

Wie was saam met hom daar? Benewens Simon die melaatse ('n geneesde melaatse – anders sou hy nie deelgeneem het aan sosiale aktiwiteite nie – en genees waarskynlik deur Jesus) ook sy dissipels, insluitend Judas Iskariot. Saam met hulle, volgens Johannes se weergawe van die gebeure, was Lasarus, die man wat Jesus 'n kort

rukkie tevore uit die dood opgewek het, asook sy susters Martha en Maria.

Martha het die gaste bedien. By 'n vorige geleentheid, toe Jesus by Lasarus en sy twee susters gekuier het, was Martha hoogs ontstoke omdat Maria haar nie gehelp het nie. Heel waarskynlik het Jesus se woorde aan haar by daardie geleentheid haar genees van haar selfsug en jaloesie.

"Marta, Marta, jy is besorg en bekommerd oor baie dinge, maar net een ding is nodig. Maria het die beste deel gekies, en dit sal nie van haar weggeneem word nie.", het Jesus toe vir haar gesê.

Hier kry ons 'n nuwe Marta, wat haar rol met vreugde vervul.
Vir Jesus moes dit 'n wonderlike tyd gewees het: 'n intieme maaltyd met 'n klompie van die sy getrouste vriende en ondersteuners. Terwyl die onweerswolke in Jerusalem saamgepak het, het Jesus die geleentheid gehad om Hom geestelik en andersins voor te berei op dit wat sou kom.

Dan gebeur daar iets werklik besonders:

> Terwyl Hy aan tafel was, het daar 'n vrou gekom met 'n albaste fles egte, baie duur nardusolie. Sy het die fles oopgebreek en die inhoud daarvan op sy kop uitgegiet.

Wie was die vrou? En hoekom het sy dit gedoen? Volgens Johannes was dit die einste Maria, wat destyds "die beste deel" gekies het. As dit was, was dit waarskynlik 'n uitting van oorvloedige liefde vir Jesus. Eintlik moet ons dit seker tipeer as 'n byna *roekelose* daad van liefde – aangesien die nardusolie waarmee sy Jesus gesalf het besonder duur was. Dit was 'n hele jaar se arbeidersloon werd.

Daarom was die reaksie van sommige van die gaste verstaanbaar:

> [4] Party van die mense het onder mekaar hulle verontwaardiging uitgespreek: "Waarvoor is hierdie vermorsing van reukolie? [5] Hierdie reukolie kon vir meer as drie honderd silwermuntstukke verkoop en die geld vir armes gegee gewees het." En hulle het teen haar uitgevaar.

Volgens die Johannes-evangelie was die groot aanhitser in hierdie toneel Judas self gewees maar dit wil voorkom asof die meeste dissipels dieselfde gevoel het. Hulle het waarskynlik gereken dat Jesus met hulle sou saamstem. Het Jesus nie juis 'n gevoel gehad vir die

armes nie? Was dit nie juis Hý wat aan die ryk jong man gesê het om al sy goed te verkoop en die opbrengs vir die armes te gee nie?

Jesus se reaksie het hulle waarskynlik onkant gevang:

> 6 "Laat staan haar," het Jesus gesê. "Waarom maak julle dit vir haar
> moeilik? Sy het 'n goeie daad aan My gedoen. 7 Julle het tog altyd armes
> by julle, en wanneer julle wil, kan julle aan hulle goed doen, maar vir My
> het julle nie altyd by julle nie. 8 Wat sy kon, het sy gedoen. Sy het
> vooruit al my liggaam gesalf as voorbereiding vir my begrafnis.

Jesus het geweet sy begrafnis is om die draai. Die dissipels het waarskynlik gedink Jesus praat van die verre toekoms; tog is dit betekenisvol dat die disispels, wat almal Jesus later in die steek sou laat, juis protesteer teen hierdie daad van liefde.

Wat die meeste mense waarskynlik hier miskyk, is Jesus se emosies op hierdie tydstip. As mens het Hy heel waarskynlik baie broos gevoel. Hy het immers geweet wat op Hom wag – en Hy was bang. So bang, om die waarheid te sê, dat sy moed Hom inderdaad op die nippertjie, in die tuin van Getsemané begeef het, toe Hy gebid het dat die beker by Hom verby moet gaan.

Jesus het dus 'n behoefte aan 'n bietjie koestering en liefde gehad – soos enige mens! Hoe Hy gevoel het toe sy dissipels Hom dit nie eers gun nie, kan ons onsself net indink. Wat die vrou gedoen het, het waarskynlik regtig ontsettend baie vir Jesus beteken.

Maar wat nou van die armes? Was die armes vir Jesus onbelangrik? Natuurlik nie. Dit was nooit Jesus se bedoeling om die behoeftes van die arm mense te minimaliseer nie. (Baie mense vandag gebruik Jesus se woorde om hulle ongevoeligheid jeens die armes te regverdig – ten onregte.) Jesus gebruik hier woorde uit Deut 15:11, en as ons na die hele vers kyk, dan word die saak heel duidelik.

> Daar sal altyd armes in jou land wees, en daarom het ek jou beveel om
> vrygewig te wees teenoor jou mede-Israeliet wat in nood is en arm is.

Was die armes vir Jesus belangrik? Ongetwyfeld. Die dissipels se sentiment was nie verkeerd of misplaas nie. Hulle tydsberekening was net heeltemal uit gewees en hulle protestasies op hierdie spesifieke oomblik dus ongepas.

Hoe dit ook al sy – Jesus se reaksie was vir Judas die laaste strooi. Hy kon dít net nie meer verder hanteer nie. En daarom ... (in Matteus – 26:14-16 – se woorde:)

> [14] Toe het een van die twaalf dissipels, die een wat Judas Iskariot genoem is, na die priesterhoofde toe gegaan [15] en gesê: “Wat sal julle my gee as ek sorg dat Jesus in julle hande kom?” Hulle het hom toe dertig silwermuntstukke betaal. [16] Van toe af was hy op die uitkyk na ’n geskikte geleentheid om Jesus te verraai.

'n "Geskikte geleentheid" het bedoel 'n plek en 'n tyd wanneer Jesus min of meer alleen was en waar die skare nie kon inmeng nie. Die owerhede wou Jesus nie in die openbaar gevange neem nie omdat hulle 'n opstand onder die volk wou vermy.

Die eerste ding wat my opval is die bedrag wat hulle Judas aanbied en wat hy aanvaar: dertig silwermuntstukke. Dit is juis hy wat beswaar gemaak het daarteen dat iemand driehonderd silwermuntstukke op Jesus as 'n *daad van liefde* spandeer. Maar nou aanvaar hy 'n *tiende* hiervan as betaling vir besonder bose daad – 'n daad van verraad wat tot Jesus se dood sou lei.

Wat was Judas se motief? Die Bybel gee baie min inligting hieroor en ons kan maar net spekuleer. Op die ou end meen ek dat Judas net nie meer Jesus kon uitstaan nie. In sy oë het Jesus waarskynlik kontak verloor met die realiteit, 'n swakkeling en 'n dromer wat hulle almal net onnodig in die moeilikheid sou bring. Daarom was dit noodsaaklik om Hom te keer voordat dit dalk te laat sou wees ...

Ons het dus te doen met iemand wat Jesus nie werklik verstaan het nie en nie sy visie oor God se koninkryk gedeel het nie.

Maar miskien moet ons versigtig wees om Judas te hard te oordeel. Het Jesus nie juis gesê dat ons nie so besig moet wees om die splinter in iemand anders se oog te soek en dan die balk in ons eie oog mis nie?

Verraai *ons* nie ook maar vir Jesus elke dag as ons onsself Christene noem en dan ons tyd, geld en energie spandeer in die bevordering van ons *eie belange* in stede van die belange van *God se koninkryk* nie?